# Persiese mat

Tyd is ons geldstelsel,
saam met jou is ek ryk.
Ek onthou ons eerste huis.

Die dowwe kerslig wat saggies jou wange streel.
Die gelag op die ou persiese mat,
Die rykdom van ons harte wat net liefde uit deel.
Ek het ure spandeer om na jou te kyk:
Die manier hoe jy opgewonde raak,
jou lag plooie en wenkbroue wat oplig soos wat jy praat.
Ek het alles in ink gestoor,
Sodat ek dit nooit sal vergeet.

Ek sal altyd nog jou stem kan hoor.
Ek het altyd my mond gehou, met die hoop dat onuitgesproke gedagtes genoeg sal wees vir jou -
Hulle was nog nooit en sal nooit wees.
Dalk as ek meer gepraat het,
Minder geskryf het,
Sou jy nog hier wees,
En ek sou iemand gehad het om oor te skryf

- J